Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

MPharmMed. PharmMed (10256002)

Minimum duur van studie	3 jaar
Totale krediete	400
Kontak	Prof OBW Greeff oppel.greeff@up.ac.za +27 (0)123192254

Toelatingsvereistes

'n Kandidaat vir toelating tot MPharmMed-graadstudie moet vir minstens een jaar in besit wees van die graad MBChB van die Universiteit van Pretoria of 'n kwalifikasie wat deur die Universiteit as gelykwaardig beskou word. Daarbenewens moet die student by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika as geneesheer geregistreer wees.

Addisionele vereistes

Sien ook Algemene Regulasies.

Eksamens en slaagvereistes

i. Die eksamen vir elke jaar word gedurende die somereksamentydperk afgeneem.
ii. Om in ’n module te slaag, word ’n finale punt van minstens 50% vereis.
iii. Benewens die eksamen, moet ’n student alle praktiese werk en werkopdragte bevredigend voltooi asook (NAV 882) Navorsingsverslag (Voorbereiding) 882, en (NAV 883) Navorsingsverslag 883 slaag (minimum slaagpunt van 50%), ten einde aan alle vereistes vir die graad te kan voldoen.
iv. Tweede eksamens word eers na verloop van minstens ses maande na die eksamen waarin die student gedruip het, afgeneem.

Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan ’n student wat ’n finale punt van minstens 75% in die ondergenoemde modules behaal het:

i. Mediese farmakologie 802 en 803
ii. Farmakokinetika en farmakodinamika 802 en 803, asook ’n finale punt van minstens 75% in (NAV 883) Navorsingsverslag 883 in die finale studiejaar.

Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 120

Kernmodules

Beginsels van kliniese epidemiologie 872 (CLI 872) - Krediete: 10.00
Bewysgebaseerde geneeskunde 873 (CLI 873) - Krediete: 12.00
Farmakokinetika en farmakodinamika 801 (FFD 801) - Krediete: 30.00
Mediese biostatistiek 800 (MBS 800) - Krediete: 20.00
Mediese farmakologie 801 (MFM 801) - Krediete: 30.00
Praktiese werk en werkopdragte 881 (WKT 881) - Krediete: 40.00

Kurrikulum: Jaar 2

Minimum krediete: 140

Kernmodules

Beginsels van kliniese epidemiologie 872 (CLI 872) - Krediete: 10.00
Bewysgebaseerde geneeskunde 873 (CLI 873) - Krediete: 12.00
Farmakokinetika en farmakodinamika 802 (FFD 802) - Krediete: 30.00
Mediese farmakologie 802 (MFM 802) - Krediete: 30.00
Navorsingsverslag: Voorbereiding 882 (NAV 882) - Krediete: 40.00
Praktiese werk en werkopdragte 882 (WKT 882) - Krediete: 40.00

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 140

Kernmodules

Farmakokinetika en farmakodinamika 803 (FFD 803) - Krediete: 30.00
Mediese farmakologie 803 (MFM 803) - Krediete: 30.00
Navorsingsverslag 883 (NAV 883) - Krediete: 40.00
Praktiese werk en werkopdragte 883 (WKT 883) - Krediete: 40.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.